**13 Augustus**

**Aardse skatte kan verlore gaan**

**Skrifgedeelte: Prediker 5:7-19**
**Fokusgedeelte: Prediker 5:12**

Rykdom is ’n heerlike gawe van God, maar dit kan ook die oorsaak van groot bitterheid en hartseer wees. Die Prediker gee in verse 12-16 ’n voorbeeld van iemand wat rykdom opgaar, letterlik “vashou” of “bewaar”, en dan alles verloor. Hy doen verkeerd sake, neem miskien ’n riskante, ondeurdagte besluit of word deur ’n vennoot bedrieg. Op die ou end stap hy kaal daar weg, het hy niks om vir sy harde werk te wys of as erfenis aan sy kinders na te laat nie.

Dit is ’n verhaal wat ’n mens dikwels hoor. So ’n persoon voel veronreg en slyt die res van sy lewe, soos die Prediker dit stel (vs 16), in die donker, in smart, ellende en bitterheid.

Wat behoort ’n mens se lewenshouding ten opsigte van rykdom te wees? Maak eerstens vir jou skatte in die hemel bymekaar waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie (Matt 6:20). Sien jou rykdom, in die tweede plek, as ’n onverdiende gawe of geskenk van God (vs 18). Dit sal jou in staat stel om dit te geniet eerder as om dit op te gaar, en dan sal die teleurstelling ook nie so groot wees as jy dit verloor nie.

Die Prediker sê in vers 19: “So ’n mens dink skaars na oor wat in sy lewe gebeur, so vol is hy van die blydskap wat God gee.”

*Sing: Skrifberyming 14-2*

*Ds. Casper Breed (Secunda)*